LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 5 / 2017
14 FEBRUARIE 2017

Geagte ouers en personeel,

JOOST VAN DER WESTHUIZEN

Joost van der Westhuizen was en is vir ons almal ‘n inspirasie rondom medemenslikheid. Joost, wat aan die siekte MNS gely het, het in sy laaste paar jaar baie fondse ingesamel om ‘n geneesmiddel vir die siekte te ontwikkel of uit te vind. Hy het ook baie uitgereik na ander mense sodat hulle ‘n beter lewe kan hê. Joost was ‘n held op die rugbyveld maar ‘n groter held omdat hy ander mense gehelp het. Ons bring hulde aan hom en bid dat sy familie en vriende vertroosting by die Here sal kry in hierdie hartseer tyd.

WêRELD BIDDAG VIR ONDERWYS

Die afgelope Sondag was wêreld biddag vir Onderwys. Ons was bevoorreg om na die erediens van die NG Kerk Lambton uitgenooi te word. Baie dankie aan ds. Enslin en sy gemeente wat ons so welkom laat voel het en dat hulle alle onderwysers in gebed opgedra het aan die Here. Die boompie wat aan ons skool geskenk is sal op ‘n spesiale plekkie in ons Laerskool se tuine geplant word.

AKADEMIE

TERMYNTOETSE: GRAAD 5 TOT 7

Die formele termyntoetse begin eerskomende Vrydag. Baie sterkte aan ons leerders met die voorbereiding vir hierdie belangrike toetse. Ons personeel doen baie moeite om vraestelle van ‘n baie hoë standaard vir ons leerders op te stel. Toetse word opgestel om die volgende te toets:

- Kennis
- Toepassing
- Insig

BENCHMARKUITSLAE 2016

Ons graad 7 leerders van 2016 het aan die ISASA skole se Benchmark in Wiskunde en Engels deelgeneem en het baie goed gevaar. Hierdie benchmark gee vir ons ‘n baie goeie aanduiding dat ons akademiese werk op standaard is volgens die IEB se verwagtinge. Baie geluk aan die volgende personeel met pragtige werk:

- Linda van der Meijden en Elizna de Korte: Engels
- Elize Language: Wiskunde

AKADEMIESE ONDERSTEUNING OP DINSDAE
GSF: GRAAD 1 TOT 3

- ✓ Daar is elke Dinsdagoggend akademiese ondersteuning vir leerders in hul voogklasse. Die klasse begin om 07:30 tot 08:00.
- ✓ Onderwyseresse is in hul klasse om individuele ondersteuning aan leerders te bied. Ouers sal persoonlik deur die klasonderwyseres ingelig word watter leerders dié klasse benodig.
- ✓ Akademiese ondersteuning is nie net vir leerders wat addisionele hulp benodig nie, maar leerders wat verryking wil doen, is ook welkom.

SPF: GRAAD 4 TOT 7

- ✓ Akademiese ondersteuning is ‘n uitvloeisel en verlengstuk van die hulpverlening en onderrig in die klasse.Enige leerder kan Dinsdae oggende om 7:30 kom aanklop, hetsy vir heronderrig, vaslegging of net bietjie ondersteuning.Gryp die geleentheid aan!

STUDIEKURSUS

Vrydagmiddag het ‘n groot groep Gr 4-7 leerders en hul ouers die Klubhuis gevul. Baie merkwaardig so op ‘n warm Vrydagmiddag. Elke leerder was aktief betrokke. Daar is begin met ‘Brain Gym’ en elke brein was aangeskakel. ‘n Verskeidenheid leerstyle is geoefen.

Die belangrikste wat geleer is, is die beantwoording van ‘n vraestel.

Onthou altyd om die Instruksie-woord te soek, daarna die kernwoord en seker te maak van die puntetelling van die vraag.

Lekker leer vir Vrydag se Afrikaanse toets.

SPORT

ATLETIEK: INTERLAER

Ons atlete het uitstekende uitslae behaal by die Interlaer atletiek. Alhoewel ons skool ‘n 2de plek behaal het, kan ons steeds trots wees oor die ywer waarmee ons skool deelgeneem het. Met harde werk en vasberadenheid sal ons definitief weer bo eindig in 2018.

D-17

Baie geluk! 37 van ons skool se atlete het deurgedring na die D-17 byeenkoms. Die byeenkoms het geskuif na 21 Februarie 2017 te Germiston Stadion en verdere inligting sal per brief aan die atlete, wat deurgedring het, deurgegee word. Baie sterkte aan elke atleet wat aan hierdie kampioenskappe deelneem.

SKAAKMARATHON

Die jaarlikse skaakmarathon het plaasgevind op Saterdag, 11 Februarie en dis met trots dat ons kan terugkyk na 'n suksesvolle byeenkoms. Die laerskool het altesaam met 68 skaakspelers vanaf Gr 1 – Gr 7 gespeel.

Die eerste vyf plekke by elke ouderdomsgroep was as volg.

Gr. 2 - 3	Gr 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr 7
Hanré Pillman(5)	Enzo Croeser(6)	Dillon Fourie(5)	Jandro Joubert(5)	Dian Smit(6)
Jayden Gooding(5)	Christiaan Franken(4.5)	Noah Collier(5)	Jade Kruger(5)	Ruben Gadd(4)
Jadon Barnard(4.5)	Martin Koen(4)	Caylee Cramer(4)	Jaco Louw(5)	JP Liebenberg(4)
Hanro v.d. Berg(4)	Werner van Rooyen(3.5)	Ethan Patterson((4)	Edward Patterson(3,5)	Carl J v Rensburg(4)
Logan v.d. Bank(4)	Heinrich Ahrens(3)	Matyn Croeser(3)	Taylin Mc Mullin(3)	Krynauw van Rooyen(4)
	Joshua Buys(3)	Martinique Meyer(3)		

Noah Collier het wel vir die gr 5's gespeel alhoewel hy nou eers in Gr 3 is.
Zachary Collier het saam met die Hoërskool gespeel en (5) punte behaal- Baie geluk!

SKAAKOEFENING

Alle skaakspelers tree voor me. Language se klas aan as die huiswerkklok lui.

- Gr 1 – 3 oefen Maandae middae by Juf. Anita Jonck
- Gr 4 – 7 oefen by Juf. Mariska Krugel

(Hierdie oefening is vir ontwikkeling en enige kind is welkom om hierby in te skakel.)

Kinders wat Maandae by me Language oefen is die kinders waaruit die ligaspanne saamgestel gaan word.

Hierdie spanne sal eerdaags aangekondig word.

RUGBY

Die rugbyseisoen is op hande en dit word met groot opgewondenheid ontvang.

Ons hou rugbyproewe op 21, 22 en 28 Februarie 2017. Tydens die proewe sal daar ‘n groep seuns in 0/9, 0/10 en 0/11 ouderdom aangewys word wat die rugbykamp die 3de en 4de Maart 2017 by Queens High School moet bywoon.

Daar word ook ‘n senior groep seuns aangewys, wat die naweek van die 3de en 4de Maart 2017 by St. Benedict’s rugbytoernooi hul staal gaan wys.

Die proewe vind plaas op die laerskool se rugbyvelde.

Span	Veld	Tye	Skeidsregter
0/9	B – Veld	13:50 – 14:40	Mnr. Beylefeld
0/10	A – Veld	14:20 – 15:00	Mnr. Viljoen
0/11	B – Veld	14:45 – 15:30	Mnr. Erwee
Oop span	A – Veld	15:05 – 15:50	Mnr. Jacobs

NETBAL

Die Netbalkoors is hoog op die oomblik by die Laerskool en die dogters en afrigters is uitgehonger vir ‘n fantastiese netbalseisoen wat volgende week gaan afskop.

Die netbalproewe vind volgende week soos volg plaas op ons skool se eie netbalbaan van 14:00 – 15:45.

- Dinsdag, 21 Februarie: 0/10 en 0/11 dogters
- Woensdag, 22 Februarie: 0/12 en 0/13 dogters

Na reses vind netbal plaas by Leeupark:

- Dinsdag, 28 Februarie: 0/10, 0/11, 0/12 en 0/13 dogters

Daar sal later in die week ‘n netbalbrief uitgestuur word oor verdere netbalreëlings en oor hoe spankeuses gemaak gaan word, asook oor die Mini-netbal. Alle dogters is welkom om aan die netbalproewe te kom deelneem.

Baie dankie vir u positiewe terugvoer rakende die Netbalkamp wat van 3 – 5 Maart by Camp Discovery aangebied word. Daar sal tydens die proewe ‘n oefengroep gekies word, wat dan op die Netbalkamp kan gaan saam hul afrigters.

SWEMKLUB BY LEEUPARK: GRAAD 000 TOT 12

Ons ondersoek huidiglik of ‘n swemklub by Leeupark lewensvatbaar sal wees. Aangeheg aan hierdie nuusbrief is ‘n meningsopname wat deur belangstellendes ingevul met word en na u kind se voogonderwyser gestuur moet word voor of op 17 Februarie.

KULTUUR

SENIORKOOR

Ons koor oefen baie hard en klink al pragtig. Dit is lekker om op ‘n Dinsdag na tweede pouse die soet klanke vanuit die saal te hoor. Ons koor tree op die 22 ste Februarie tydens die personeel se prestasiebestuursimposium op om 16:30. Meer inligting hieroor volg per brief later hierdie week.

INTERNE REDENAARS
Die Interne Redenaarskompetisie vind op Maandag 20 Februarie plaas. Leerders word in die klas uitgedun en dié wat deurdring sal 'n brief ontvang met verdere reëlings. Indien 'n leerder nie deurdring na die interne kompetisie nie maar graag wil deelneem is hulle welkom om Donderdag en Vrydagmiddag tot 14:30 in Elizna de Korte se klas verder uit te dun. Baie sterkte met AL die voorbereiding!

KASKARDAG: 18 FEBRUARIE 2017

Net minder as ‘n week oor dan skop ons af met Kaskardag “Nou gaan ons GROOT”.

Lekker eetgoed en koue koeldrank, **“Dunk”** vir mnr. Uys en natuurlik die STOOT van kaskarre.

‘n Spesiale verrassing weereens is die “Fun World” wat ons aanbied. Op die B-veld gaan ons items hê waarop die kinders heerlik kan baljaar. Toegang tot “Fun World” beloop R100 vir Laerskoolleerder en R50 vir ‘n Voorskoolleerder. Ons gebruik weer ‘n bandjiesisteem vir toegang. Die gelde kan by u kind se registeronderwyser inbetaal word en u kind sal dan sy/haar bandjie Saterdag 18 Februarie om 08:00 by hul registeronderwyser ontvang wanneer leerders moet aanmeld by hul registerklasse.

Program vir die dag:

- 08:00 - Leerders meld aan by hul registerklasse
- 08:30 - Leerders beweeg na rugbyveld en tree aan vir optog
- 09:00 - 09:25 Optog
- 09:30 - 09:55 Opening en verwelkoming
- 10:00 - 10:20 Graad 000 & Graad 00
- 10:25 - 10:45 Graad 0 & Graad 4
- 10:50 - 11:10 Graad 1 & Graad 5
- 11:15 - 11:35 Graad 2 & Graad 6
- 11:40 - 12:00 Graad 3 & Graad 7
- 12:00 - 12:10 Finales

Kom, bring die hele familie, u vriende en geniet Kaskardag 2017 saam met ons.

“TECH-SAVVY PARENTING TALK”

Is jy moeg daarvoor dat jou kind ligjare voor jou is met tegnologie? Hier is jou kans om sin te maak van die digitale wêreld waarin jou kind leef. Nikki Bush bied ‘n werkswinkel vir ouers aan:

- Datum: 21 Februarie 2017
- Tyd: 19:30
- Plek: King David Victory Park Primary School

Vir meer inligting kontak vpmarketing@sabje.co.za

SKOOLURE OP VRYDAE

As gevolg van druk verkeer op Vrydaemiddae het die bestuur besluit om die Laerskool om 13:30 te verdaag. Hierdie reëling geld alreeds vanaf eerskomende Vrydag, 17

Februarie. Die busse vertrek nog steeds om 14:10 soos in die verlede. Geen akademiese tyd word in beslag geneem nie omdat ons die pouses op ‘n Vrydag korter maak.

PROSEDURE WANNEER LEERDERS SIEK WORD BY DIE SKOOL

Ons personeel is Maandae tot Donderdae vanaf 07:30 tot 16:00 aan diens. Vrydae is personeel tot 14:00 aan diens. Indien ‘n leerder siek word of nie lekker voel nie moet hy/sy deur die voogonderwyser aangemeld word by Margaret Bothma in die Laerskool se ontvangs. Margaret is verantwoordelik om om te sien na leerders wat in die siekekamer opgeneem word of om ouers te kontak. Indien dit na skool is moet leerders na ontvangs gaan sodat Margaret tot hulp kan wees.

OPEDAG: GRAAD 1 TOT 12

Ons Opedag vind saam met die Hoërskool plaas op 10 Maart om 15:00. Sien aangeheg die advertensie wat ons ouers en personeel aan belangstellende familie en vriende kan stuur. Ons maak staat op elkeen se positiewe bemarking van ons pragtige skool. Hoe voller die skool hoe minder is die jaarlikse verhoging in skoolfooie

HULP AAN ‘N HUISHULP

Indien iemand weet van ‘n werk en blyplek in die Germiston-omgewing kontak asseblief Margaret by die Laerskool se ontvangs vir meer inligting.

BUITESKOOL PRESTASIES

Gr. 7	Jaco Freemantle	• Jaco het tydens die SA Junior Jukskei Kampioenskappe in Desember 2016 in Kroonstad 'n silwer medalje verower in die dubbelspel afdeling. Jaco was lid van die Sentraal Gauteng span.

Gr. 6	Emma-Mari Wagner 	• Emma-Mari ontvang ‘n sertifikaat by Trinity College London vir haar klavier eksamen wat sy met meriete geslaag het.
Gr. 5	Killian van Jaarsveld 	• Killian neem deel aan Alberton skole golf streek jaareindtoernooi. 14 skole met 35 spelers elk het aan die toernooi deelgeneem waarvan Kilian eerste plek behaal het.
Gr. 5	Karien van Dyk 	• Karien is gekies om haar streek (Suid-Gauteng) by die Interprovinsiale Proewe te gaan verteenwoordig vir aksienetbal.

BELANGRIKE DATUMS

14 Februarie	Valentynsdag Akademiese ondersteuning 07:30
16 Februarie	D-17 atletiekkampioenskappe is geskuif na 21 Februarie
17 Februarie	**AFRIKAANSE TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7**
18 Februarie	Kaskardag
20 Februarie	Interne redenaars
21 Februarie	Akademiese ondersteuning 07:30 D-17 atletiekkampioenskappe by Germiston stadion Rugby –en netbalproewe: D-17 atlete word verskoon
22 Februarie	Rugby –en netbalproewe: Gauteng atlete word verskoon
23 Februarie	WIJ **ENGELS TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7** Reses: Skool sluit 12:00. Busse vertrek alreeds om 2:15
28 Februarie	Skool begin 08:00 Rugby –en netbalproewe: Gauteng atlete word verskoon
1 Maart	Gewyde sang Rugby –en netbaloefeninge
2 Maart	Rugby –en netbaloefeninge
3 Maart	**WISKUNDE TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7** Gauteng atletiekkampioenskappe Rugby –en netbalkampe begin
4 Maart	Gauteng atletiekkampioenskappe Rugby –en netbalkampe
6 Maart	Wiskunde week
7 Maart	Akademiese ondersteuning 07:30

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr C Pretorius	clemens@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za

Sekretaresse: Me M Bothma margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL